Eredienste: 14 Februarie 2010

Cunninghamlaan-Bedieningspunt		30ste Laan-Bedieningspunt	
08:30	**Eerste diens** Liturg: Ds Attie Nel Kleuterkerk tydens diens	08:30 09:00	**Gebed in kerksaal** **Oggenddiens** Liturg: Ds Chris Lötter Kleuterkerk tydens diens
09:30	**Junior Kategese (Gr 1 – 6)**	10:00	**Kategese**
10:30	**Tweede diens** Liturg: Ds Attie Nel Kleuterkerk tydens diens		
10:30	**Vergenoeg** Liturg: Dr Bettie Wagner-Ferreira		
14:30	**Sepedi Diens**		
17:15	**Senior Kategese (Gr 7 – 11)**		
17:15	**Aanddiens** Liturg: Ds Louis Brittz		

Sondag van Verheerliking

Administrasie

Leraars:

- Ds Chris Lötter (012-734-5741 / 0845866552)
- Ds Attie Nel (012-756-1352 / 0823746589, epos asnel@neomail.co.za)
- Dr Bettie Wagner-Ferreira (012-347-4842 / 0828956062)
- Ds Louis Brittz (012-803-3292 / 0833831262, e-pos ljbrittz@absamail.co.za

Pastorale Hulp: Vergenoeg:

- Ds Bertus Olivier (012-332-3069 / 0822246242)

Orreliste:

- Cunninghamlaan-Bedieningspunt Neels Matthyser (0829230991)
- 30ste Laan-Bedieningspunt: Hentus van Rooyen (0769038053)
- Victor Voges (012-332-1551 / 0829628731

Kerkkantore:

- Cunninghamlaan-Bedieningspunt : Dalene Myburgh (012-332-1779)
- 30ste Laan-Bedieningspunt: Fanie Kotzé (012-330-1077)

Kosters:

- Cunninghamlaan-Bedieningspunt : Sarel Meyer (012-377-0985 / 0722393664)
- 30ste Laan-Bedieningspunt: Jaap van Eeden (012-331-2865 / 0731775510)
- Vergenoeg: Jan Louwrens (012-332-1537)

Webwerf van gemeente:

Die webwerf van die gemeente is beskikbaar by www.ngwaverley.co.za.
E-pos lys: ngwaverley@googlegroups.com; E-pos: ngwaverley@gmail.com; Vir meer inligting kontak: Ina Smith (082 818 0117), ismith@sun.ac.za

Nuwe Intrekkers:

30ste Laan: Ontmoet asb die leraar/ouderling na die erediens voor by die liturgiese ruimte.

Cunninghamlaan: Ontmoet die leraars en Gasvryheidsbediening by die teedrink-hoekie langs die kerkgebou na die 1ste diens en by die 2de diens op die liturgiese ruimte.

Oorgrenslidmate:

Kontak asb die kerkkantore vir inligting oor vakkies vir u gerief.

Bybelstudie of gebedsgroepe:

Indien jy wil inskakel, kontak die kerkkantore vir besonderhede.

CD's van preke:

Cd's van preke kan bestel word, voltooi blou vorms by deure. Kontak: Sarel Meyer (012-377-0895) Cunninghamlaan, of Fanie Kotzé (012) 330-1077 by 30ste Laan.

Vir besoek of voorbidding:

Indien u bewus is van gemeentelede wat besoek/voorbidding benodig, gee asb hul name vir 'n dienswerker / kerkraadslid,'n leraar, Tossie Ferreira (012-330-1392), Kobus Bonthuys (012-332-0637) of die kerkkantore.

Geldelike bydraes

Lidmate word aangemoedig om hul maandelikse offergawes per debietorder te laat aftrek. Kontak die kerkkantoor vir 'n vorm. Andersins is u welkom om dit direk in die kerk se bankrekening in te betaal. Bankbesonderhede: NG Waverley, Absa, Rekno: 1430157120, Taknr: 335245.

NG GEMEENTE WAVERLEY

Aankondigings
7 Februarie 2010

Vyfde week nà Epifanie

Eredienste: 7 Februarie 2010

Cunninghamlaan-Bedieningspunt		30ste Laan-Bedieningspunt	
08:30	**Eerste diens: Doop** Liturg: Dr Bettie Wagner-Ferreira Kleuterkerk tydens diens	08:30 09:00	**Gebed in kerksaal** **Oggenddiens** *Tema: "Jesus laat die fees voortgaan"* Liturg: Ds Louis Brittz
09:30	**Junior Kategese (Gr 1 – 6)**	10:00	Kleuterkerk tydens diens **Kategese**
10:30	**Tweede diens** Liturg: Dr Bettie Wagner-Ferreira Kleuterkerk tydens diens		
10:30	**Vergenoeg** Liturg: Ds Bertus Olivier		
14:30	**Sepedi Diens**		
17:15	**Aanddiens** *Tema: "Onverstaanbare genade" Luk 23:32-34; 39-43* Liturg: Ds Attie Nel		
18:00	**Senior Kategese (Gr 7 – 11)**		
18:30	**Krummelsbyeenkoms in Boillerroom**		

Biddag vir Opvoeding en Onderwys

AANDIENS: Cunninghamlaan. 17:15 -18:00
Die gemeente se aanddiens is by Cunninghamlaan bedieningspunt.
Teks: Lukas 23:32-34; 39-43
Tema: Onverstaanbare genade.
In die laaste oomblikke van sy lewe kry 'n onbekende van Jesus self die verskering dat Hy sy oë in die Paradys gaan oopmaak. Dit is genade... Kom ontmoet hierdie man vanaand tydens die aanddiens. Almal, nie net die tieners nie, is welkom.
Aandiens: 17:15-18:00
Senior Kategese: 18:00 – 18:30
Krummelbyeenkoms in Boillerroom: 18:30 – 20:00.

Gebedshoekie

Die gemeente se voorbidding word vir die volgende lidmate gevra:
Tuis:
Geoff Kapp (Evestr 901, ☎ 012-332-1232)
Hospitaal:
Annatjie Haultzhausen (Vergenoeg, Eugene Marias);
Broer van Elaine Reitsma (Walterln 1365, ☎ 072 207 9588);
Flip Jacobs (Moultonln 1203, ☎ 012-332-1039, Wilgers);
Martin du Toit (Haarhoffstr 1115, ☎ 012-333-8619)



Gemeentedagboek

7 tot 13 Februarie 2010

D1 9 Feb	18:30 Krummels	30ste Laan
Wo 10 Feb	07:30 Biduur 08:30 Bybelstudie 10:00 Leraarskring 10:30 Biduur	Cunninghamln Cunningh 30ste Ln Vergenoeg
Do 11 Feb	19:00 Kommunikasiebediening	30ste Laan
	14 tot 20 Februarie 2010	
Ma 15 Feb	19:00 Dagbestuur	30ste Laan
D1 16 Feb	18:30 Krummels	30ste Laan
Wo 17 Feb	07:30 Biduur 08:30 Bybelstudie 10:00 Leraarskring 10:30 Biduur	Cunninghamln Cunningh & 30ste Ln Vergenoeg
Do 18 Feb	15:00 Vrouebelange 19:00 Kleingroepbestuur	Vergenoeg 30ste Laan

Bybelstudies WOENSDAGOGGENDE.
Daar is elke Woensdag oggend Bybelstudies by Cunninhamlaan en 30ste Laan. Cunninghamlaan – 08:30 - 09:30 in die saal. Ds Attie – Ons werk deur die boek Kolossense.
By 30ste Laan – 08:30 -09:30 in konsistorie. Ds Chris – ☎084 586 6552





DASPROJEK: Die Christelik-Maatskaplike Diens van Pongola het gevra ons moet vir hulle ou dasse, van enige grootte, materiaal en vorm, bymekaar maak. Hulle wil dit gebruik vir 'n werkskeppingsprojek. Dis nou Ma se kans om ontslae te raak van al daardie ou dasse wat tog nie meer gebruik word nie. Gee dit gerus by die kerkkantore af.

Huweliksverryking 19 – 21 Feb: Verryk jou huwelik In 'n wonder mooie omgewing in die Waterberge. Besonderhede en inskrywingsvorm is vandag by die deure of op die webwerf beskikbaar.
Kontak Louis Brittz 012-803-3292 of 083 383 1262.



Bewyse vn lidmaatskap ontvang, hartlik welkom:
Oorgrens: William en Bernidette Matthee en dooplidmate Simoné en Monique (Izaakstr 104, Kilnerpark, ☎082 483 4348);
Oorgrens: Elsabe Joubert (Migello 67, Terblanchestraat 1172, ☎083 307 5225)

Advertensies

- Het jy jou eie besigheid of wil jy iets verhuur/ verkoop? Plaas gratis 'n advertensie op ons gemeente webblad by http://www.ngwaverley.co.za/dienste.htm en kom ons ondersteun mekaar in moeilike tye. Om 'n advertensie te plaas, stuur 'n versoek aan ngwaverley@gmail.com of sms Ina ☎ 082 818 0117.
- **TE HUUR:** Luukse ruim woonstel in Kilnerpark. 2 slk, 1 badk. Veilige onderdakparkering. Beskikbaar: 1 April 2010. Huur: R3 000 pm (deposito betaalbaar). ☎ 083 277 9599

Gebedsbediening bied aan:
Gesellige ete, aanbidding en uitvoering deur Ryan Walt (Panfluit) en Steven Sterling (Sanger). Datum 17 April om 09:00 tot 12:30 by 30ste Laan. Kaartjies @ R50 is vanaf 8 Feb by kerkkantore beskikbaar. Navrae Kobie Geldenhuys ☎ 012 333 2916 of 082 469 2391 (Ons benodig asb nog borge!)

Voorbidding word gevra vir 'n groep manne wat op 10 April 2010 met fietse na Greytown (Mighty Men saamtrek) vertrek. Hulle doen uitreike op die dorpe op hul pad. Vir meer inligting kontak Phillip Kemp (☎012-332-1235) Besoek www.gppromotions.co.za

Kleingroepbediening
Daar is 'n nuwe bestuur vir die kleingroepe aangewys, nl Gerrit Lötter ☎ 083 256 4503 (voorsitter), Liezel Jansen v Vuuren ☎082 773 5826 (sekretaresse); Kobie Geldenhuys ☎ 082 469 2391 (gebedskoördineerder). Kontak hulle gerus as jy graag by 'n omgee-, gebeds- of Bybelstudiegroep wil inskakel.



SKENKINGS NAMENS DIE GEMEENTE.
Daar is verskeie van ons lidmate wat in hulle persoonlike hoedanigheid donasies aan liefdadigheidsorganisasies maak. Ons is die Here dankbaar vir die manier waarop ons lidmate sulke organiasies ondersteun. Daar is egter ook die lidmate wat namens ons gemeente skenkings aan Liefdadigheidsorganisasies, en soms ander skenkings ook, maak. Ter wille van beheer en die beskerming van die mense betrokke moet donateurs asseblief seker maak dat sulke gelde by die kerkkantoor inbetaal word, 'n kwitansie kry en aandui waarvoor die geld aangewend moet word. Die kerkraad verseker elke donateur dat daardie geld vir niks anders gebruik sal word nie.

Jong belydendes:
Belydende jongmense kom na die 17:15-diens bymekaar by Gerrie en Elaine Reitsma se huis, Walterlaan 1365. Hoe meer hoe beter - bring dus jou vriende saam!"

In sy Boek Church Next, skryf Eddie Gibbs oor navorsing wat in Engeland gedoen is. Hulle het navorsing gedoen ten einde te bepaal wat maak dat sekere gemeentes groei terwyl ander gemeentes al hoe meer krimp en agteruitgaan. Uit die navorsing blyk dit dat die **gemeentes wat in sulke tye bly groei** het, die volgende **ooreenkomste** getoon het.

1. Sterk leierskap.
2. 'n Duidelike en doelgerigte verstaan van wat dit beteken om 'n missionêre gemente te wees .
3. Kundige mense is op groot skaal betrokke by die gemeente.
4. 'n Aktiewe netwerk van betrokkenheid in die gemeenskap.
5. 'n Evangelisasie-benadering gefokus op 'n uitreikbediening aan mense en hul behoeftes.
6. 'n Gewilligheid om te verander waar nodig en daardie verandering op 'n bekwame wyse te implementeer.
7. Goed beplande eredienste wat mense trek en toeganklik is vir mense.
8. 'n Verskeidenheid van kleingroepe in elke faset van die gemeentelewe.
9. 'n Uitsonderlike bediening aan die kinders en jongmense.
10. 'n Opregte soeke na groei en verandering by 'n groot groep van die lidmate.
11. 'n Gemeente waar dit vir die lidmate lekker is om daarvan deel te wees.
12. 'n Gemeente waar lidmate oortuig is daarvan, dat hul geestelike groei die direkte gevolg van God se betrokkenheid in hul lewe.

Navorsing in ander dele van die wêreld deur o.a. Christian Schwarz van ***"Natural Church Development"***, Pat Kievert van ***"Gestuurde Gemeentes"*** en George Barna van ***"Turn-around Churches"*** stem grootliks ooreen met die bevindings van Gibbs.

Die uitdaging vir Waverley in die tye wat kom, is om onder leiding van die Heilige Gees, hierdie 12 punte, ***een-vir-een-en-almal- tegelyk,*** aan te pak en doelgerig te laat realiseer in ons gemeente.

Baie dankie dat jy in hierdie uitdagende tye saam met ons deel is van hierdie gemeente wat in dinamiese tye oppad is na 'n opwindende toekoms.

(Indien u meer oor hierdie interessante navorsing te wete wil kom, skakel asb met u leraar.)



NEDERDUITSE GEREFORMEERDE KERK
WAVERLEY

Saakgelastigde: D Myburgh, Cunninghamlaan 1249, Waverley, 0186
Posbus 31255, Totiusdal, 0134
Tel/Faks: (012) 332-1779 E-Pos: ngwaverley@mweb.co.za

DEBIETORDEROPDRAG

MAGTIGING VIR OUTOMATIESE BETALING VAN MAANDELIKSE BYDRAE DEUR LIDMAAT

1. LIDMAATBESONDERHEDE

Naam van lidmaat.....

Adres.....

Telefoonnommer.....(H).....(W).....(S)

Wyknr. .....Lidmaatnr.....

2. BANKBESONDERHEDE

Bank.....

Taknaam..... Taknommer .....

Rekeninghouer.....

Rekeningnommer.....

Tipe rekening Tjek Spaar Transmissie (Skrap waar nie van toepassing)

Heg asseblief 'n gekanselleerde, gebruikte tjek vir verwysing aan.

Nuwe D.O. Opdrag

Verhoging

3. **MAGTIGING**

Ek, die ondergetekende, magtig hiermee die kerkraad van die **Ned, Geref. Kerk Waverley** om my rekening soos hiervoor vermeld maandeliks op die **eerste** dag van die maand met die onderstaande bedrag te debiteer:

Bedrag in syfers.....

Bedrag in woorde.....

Datum van inwerkingtreding.....

4. **VERHOGING**

Hiermee verleen ek toestemming dat die bedrag van my debietorder jaarliks op 1 April outomaties aangepas word met 'n verhoging van:

[5%] [7%] [10%] [Ander:] _____%

5. **EK VERSTAAN EN AANVAAR DIE VOLGENDE VOORWAARDES MET BETREKKING TOT HIERDIE MAGTIGING**

a. Dat ek die kerkraad skriftelik 30 dae kennis sal gee indien ek om enige rede hierdie magtiging wil kanselleer.

b. Dat die kerkraad die reg voorbehou om hierdie magtiging deur middel van skriftelike kennisgewing te kanselleer.

c. Dat die betaling ingevolge hierdie magtiging deur die kerkraad ontvang word sonder benadeling van regte.

d. Dat alle onttrekkings volgens die debietorder uit my bankrekening hanteer word asof persoonlik deur my onderteken.

e. Dat enige bankkoste met betrekking tot hierdie debietorderopdrag deur my betaal sal word. (Insluitende R1-00 per debietorderopdrag wat addisioneel toegevoeg word tot die bedrag hierbo gespesifiseer)

HANDTEKENING DATUM

NG GEMEENTE WAVERLEY

BEDIENING IN DIE GEMEENTE

Ons droom is: ... dat God met ons oppad sal wees in sy herskeppende en helende werk in ons gemeente, gemeenskap en wêreld.

Die bediening van die lidmate van ons gemeente is vir ons baie belangrik, en daarom hierdie skrywe om te verduidelik hoe die gemeente bedien word, asook om 'n paar knelpunte uit te wys.

DIE WERK VAN DIE WYKSDIAKENS, BLOKDIAKENS EN BLOKOUDERLINGE:
Die belangrikste kontak wat ons met ons lidmate het, is deur middel van die **WYKSDIAKENS**. Elke wyksdiaken het tussen 5-8 besoekpunte, en deur hulle werk in die wyke raak ons bewus van mense wat met die blokouderling of die leraar kontak wil hê. Die wyksdiaken versprei ook maandeliks koevertjies by Cunninghamlaan bedieningspunt, of samel lidmate se bydraes in deur middel van 'n kwitansieboek by 30ste Laan bedieningspunt. Hulle is ook verantwoordelik vir die kommunikasie aan lidmate deur kalenders, omsendskrywes, ens. in die wyke te versprei.

Daar is ook 'n **BLOKDIAKEN** wat ongeveer vyf wyke ('n Blok) bedien. Elke **BLOKDIAKEN** is verantwoordelik vir die **WYKSDIAKENS** in sy of haar blok en saam bedien hulle die lidmate in die wyke en blokke. Wyksdiakens is vrygestel var die bywoning van Kerkraadsvergaderings, terwyl die Blokdiakens wel Kerkraadsvergaderings moet bywoon.

Daar is ook 'n **BLOKOUDERLING** wat ongeveer vyf wyke ('n Blok) bedien. Indien die wyksdiakens behoeftes identifiseer word die **blokdiaken** daarvan in kennis gestel wat of self daaraan aandag gee, of dit na die blokouderling en /of die betrokke leraar verwys.

Elke **LERAAR** het 'n aantal blokke waarvoor hy verantwoordelik is.

DIE VOLGENDE IS 'N PAAR KNELPUNTE MET BETREKKING TOT ONS BEDIENINGSWYSE:

1. Daar is 'n hele aantal wyke in die gemeente waar daar nie 'n diaken is nie, wat tot gevolg het dat die belangrikste skakel tussen leraar/kerkraad nie daar is nie.
2. As gevolg van die veiligheidsituasie in ons land, is dit ook al hoe moeiliker om na ure by huise in te kom en is dit ook 'n groterwordende risiko vir diakens om na ure rond te beweeg.
3. Alhoewel diakens probeer om afsprake te maak, beteken dit dikwels dat hulle verskeie aande weg van hulle gesinne af moet wees omdat dit nie moontlik is om met almal in die wyk op dieselfde aand 'n afspraak te kry nie.
4. Die werksdruk van diakens, soos die res van ons, maak dit ook moeilik om in die wyke te doen wat hulle graag wil doen.

Ons gaan en mag nie wegdoen met die huidige bedieningstelsel nie. Ons gaan deurlopend daaraan werk om vir elke wyk 'n diaken te kry en gaan die ouderlinge en diakens bly toerus om hulle werk so goed as moontlik te doen.

U as lidmaat kan ons op die volgende maniere help om hierdie knelpunte met betrekking tot die bediening aan te spreek:

1. Skakel asseblief die kerkkantoor (of die leraar) indien u besoek wil word, of weet van iemand wat besoek behoort te word.
2. Oorweeg dit om uself beskikbaar te stel as 'n wyksdiaken, wat maandeliks, met tussen vyf en agt gesinne kontak sal maak.
3. Voltooi die geel vormpie by die deure, indien u 'n behoefte het dat 'n diaken, ouderling of leraar u besoek, of van iemand weet wat 'n behoefte aan so 'n besoek het. Daar sal elke Sondag so 'n vormpie by die deure beskikbaar wees.
4. Aangesien hierdie situasie ook die insameling van dankoffers ernstig raak, versoek ons dat u dit asseblief sal oorweeg om die aangehegte Debietorder te voltooi (Niemand is verplig om dit te doen nie). Indien u wel kans sien om die debietorder te voltooi, faks dit asseblief na die kerkkantoor of gooi dit in die dankoffersakkie. Deur dit te doen sal u die werk van die diakens baie vergemaklik, wat weer tot gevolg sal hê dat die diakens en ouderlinge kan konsentreer op die geestelike versorging van die lidmate, en nie net "geldinvorderaars" word nie.

Johan van der Westhuizen (Leierouderling)